

15 Maart - DUISTERNIS

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5 – 2:11

Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:5

In sy Evangelie was dit Johannes se bedoeling om weifelende lesers uit die skemerwêreld van twyfel tot in die helder lig van volkome geloofsekerheid te lei. Elke leser moes uiteindelik saam met Tomas teenoor Jesus kon bely: “My Here en my God!” (Joh 20:28).

Nou gaan hy in sy eerste Brief ’n treetjie verder en sê hy in 5:13 vir sy lesers (en dus ook vir jóú): Moenie daarvoor twyfel nie. As jy glo in die Seun van God, het jy réeds die ewige lewe ontvang! Anders gestel: Jy is reeds vrygekoop met die bloed van Christus en daarom het jy uit die donker weeshuis van Satan oorgegaan in die liggende lewenshuis van God!

Dink jy genoeg daaraan dat die genieting van die ewige lewe nie net toekomsmusiek is nie? Jy is reeds ’n kind in jou Vader se huisgesin, en hier op aarde is jy sy ambassadeur wat vrygemaak is om voluit in die lig te lewe! Dit is die tema van ons fokusgedeelte en trouens van die hele gedagte-eenheid vanaf 1:5 tot 2:27.

Johannes wil hê jy moet weet dat jy uit die duisternis verlos is. Jy is daarom vrygemaak van ’n lewe in sonde waar jy – soos in ’n deurmekeer huis sonder ligte – val oor al die struikelblokke wat die ou Adam, die duiwel, die sondige wêreld, en die Antichris in jou pad lê. Johannes dink hier in besonder aan vleeslike luste, materialisme en ’n obsessie met selfverheffing. Hy wil hê jy moet weet dat jy vrygemaak is om lief te hê, waarheid te spreek en met selfverloëning en integriteit te lewe. Dít is hoe ’n lewe in die lig lyk!

Daar is egter ook ’n dringende appèl: om te sê “ek ken God wat lig is” en nogtans in ’n sondige leefstyl te volhard, is ’n teenstrydigheid. Daarom moet jy jou rug keer op die ou, sondige lewenswyse waaruit Jesus jou met soveel pyn losgekoop het. Leef met soveel oorgawe in die lig dat almal sal weet jy is waarlik ’n kind van God wat reeds die ewige lewe ontvang het!

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds JJ Cloete (Koster)